

LITURGIE EN EVANGELISASIE MET BESONDERE VERWYSING NA DIE SEËN

*Prof B de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe
Noordwes Universiteit (Potchefstroom kampus)
Potchefstroom*

ABSTRACT

THE BLESSING IN THE CHURCH SERVICE AND EVANGELISATION

In most worship meetings the final act before believers disband is the sending-away blessing. Is the, maybe unconscious, denial of the connection between the blessing in the church service and the call to evangelisation not perhaps one of the reasons why believers do not participate in active evangelisation? The blessing that Jesus pronounced at his ascension is linked directly to the commission to evangelise. In public worship the function of the salutatory blessing is to have a benedictory effect on every action of the assembled congregation. At the dismissal of the congregation the members are blessed to be a blessing to others, and the greatest blessing to others is to bring them the gospel. The blessing in the church service, both the salutatory and the sending-away blessing, affords participants in public worship important guidelines for fulfilling their call to evangelisation.

1 INLEIDING

Daar kan meer as een rede wees waarom sommige gelowiges nie 'n passie vir evangelisering het nie. Daarom neem hulle ook nie praktiese aksiestappe om die evangelie van Jesus Christus te bring aan mense wat van die kerk losgeraak het en aan dié wat nog nie die evangelie gehoor het nie (Nel 1996:41; Bosch 1991:412). Sommige lidmate wil graag aan die spontane lofprijsing en warm liefdes-

gemeenskap in die samekoms van die gemeente deelneem, maar om die een of ander rede wakker dit nie die roeping om dissipels te maak, aan nie. Het die verstaan van die oorgang van die erediens na die lewe van elke dag nie dalk hiermee iets te doen nie? Die finale handeling voordat gelowiges uiteen gaan is in die meeste samekomste die wegstuurseën. Is die, dalk onbewustelike, miskenning van die verband tussen die seën in die erediens en die roeping tot evangelisasie nie dalk ook een van die oorsake dat gelowiges nie oorgaan tot aktiewe evangelisering nie? Kan die gesindheid en aksie van lidmate verander deur 'n dieper insig in die betekenis, die krag en die effek van die seën op die deelname aan die erediens en die uitstuur van hierdie erediensdeelnemers in die wêreld?

Om hierdie vrae te probeer antwoord word die metode van Zerfass (1974:164-177) gevolg wat 'n basis-, meta- en praktykteorie behels. Die werkplan wat in die ondersoek gevolg word, is 'n eksegetiese en literatuurstudie, gesteun deur 'n empiriese ondersoek, waarna gepoog word om tot antwoorde te kom en enkele riglyne vir die praktyk te trek.

2 BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE VAN DIE SEËN

2.1 Dit is God wat seën en die priester daartoe bemagtig

Nadat Aäron die voorgeskrewe offers gebring het, word hy deur hierdie offerhandeling as hoëpriester bevestig (Lev. 9:8-14). Daarna hef hy sy hande op en maak hy vir die eerste keer gebruik van die uitsluitlike voorreg van die priesters om die volk te seën (Deut. 10:8; 27:14). In die eintlike sin het slegs die Here die volmag om sy volk te seën omdat Hy alleen in die volheid van sy wese oor die onuitputlike bron van genade beskik. Hy het egter die vermoë tot die toewyding van die seën aan sy gevolmagtigde dienaars gegee (Kapic 2005:248).

Wanneer 'n mens, in hierdie geval 'n priester, die seën afkondig is die effektiwiteit van die seën nie afhanklik van die gesag of krag van die gesprokene se woord nie. Hierdie feit word veral gestaaf deur die konteks waarbinne die seënformule van Numeri 6:24-27 uitgespreek is. Nadat die priester die bepaalde seën uitgespreek het, stel die teks ekplisiet dat dit God is wat die volk seën (Num. 6:27). “The announcement of blessing upon the people by the priest is part of the

mediating role performed by the priests for the nation of Israel” (Rooker 2000:153).

2.2 Jesus se seën gekoppel aan sy hemelvaart

Lukas 24 bring in die toesegging van die seën 'n nuwe wending. Hier word Jesus se seën van die dissipels, as verteenwoordigers van die kerk, aan sy hemelvaart verbind. Daar moet nie vergeet word dat Lukas self in Handeling 1 verdere gebeure rondom die hemelvaart aandui en dat Matteus 28:16-20 ook hier in die gesigsveld kom. Daar is 'n nou verwantskap tussen Lukas 24 en Handeling 1 en Matteus 28. Almal skets kante van die afskeid en die hemelvaart, waar Jesus onder andere sy dissipels seën (Nolland 1993:1225). In Lukas 24:50-53 word verhaal dat Jesus sy hande opgehef het en hulle geseën het en deur hierdie diens van seën, nadat Hy die hoogste offer van versoening (Homself) volbring het, toon Hy dat Hy die diens van die Hoëpriester hier verrig. “God does not merely befriend us by wishes, but by a simple act of his will grants us what is desirable for us” (Calvin 1965:392). Die dissipels verlaat, nadat hulle die seën ontvang het, die Olyfberg en gaan na die tempel waar hulle God loof. Die seën lei in hulle geval tot erediens, 'n aangrypende liturgie en word dan later opgevolg met die uitgaan en dissipels maak (Matteus 28) en getuies wees in Jerusalem, Judea, Samaria tot die uiterstes van die aarde (Hand 1). Die seën by sy hemelvaart word regstreeks verbind aan die Groot Opdrag om dissipels te maak en getuies in die wêreld te wees. Daarom kan Lukas 24 as 'n wentelpunt in die verdere toesegging van die seën in die Naam van Jesus en sy Vader bestempel word, asook die koppeling van die seën aan evangelisering.

Die Groot Hoëpriester het nie net gekom om die seën uit te spreek nie, maar Hy word self die Seën. What was their response? In keeping with the pattern throughout the scriptures, they received God’s Blessing (i.e. Jesus), and became a blessing to others through the spreading of the good news (Kapic 2005:252). In Lukas 24 kom die seën van Jesus na die dissipels, as verteenwoordigers van die kerk, en hulle gaan uit om die seën te proklameer aan almal wat God op hulle pad bring.

Daar kan op grond van bogenoemde nie twyfel wees nie dat die seën uit die bron van God se genade kom en dat Hyself die seën in die harte van sy volgelinge uitstort. Daarvoor gebruik Hy gevolmagtigde verteenwoordigers wat sy seën toesê in die Naam van God. Jesus verbind die seën aan sy opdragte by sy hemelvaart om sy ge-

tuies te wees en dissipels van al die nasies te maak. Die grondslag vir die verhouding seën en evangelisasie is daarmee gelê. Wat sou die inhoud van die seëntoeseggings (seëngroet en wegstuurseën) in hierdie verband leer?

2.3 Die seëngroet en die liturgiese plek daarvan

By die seëngroet word meestal die woorde aan die begin van Paulus se briewe of van Openbaring 1:4,5 gebruik.

Paulus se groet (bv in Ef. 1:2) is nie 'n onbedoelde hoop dit gaan goed met julle nie. Paulus gee vir hulle die genade en vrede van God en die Here Jesus! Dis nie 'n gebed waarin hy God vra om dit aan hulle te gee nie, maar hy sê dit toe aan hulle (Janse van Rensburg 1999:1567). 'n Gewone groet van sy tyd omvorm hy met die woorde “genade en vrede vir julle” tot 'n seëngroet. Deur hierdie verandering van die tradisionele briefvorm toon Paulus aan dat God hulle groet deur genade en vrede in hulle lewens in te stort (Hawthorne 1983:11).

In Openbaring 1:4,5 beteken die woord “genade” dat God guns betoon aan mense wat dit nie verdien nie. Dit is die krag van God wat op só 'n wyse in gelowiges werk dat hulle in staat is om meer en meer die beeld van hulle Skepper te kan vertoon. Die woord “vrede” vertaal die Hebreuse gedagte van *shalom*, wat 'n gemeenskap wat in harmonie, blydskap, liefde en vrede saamleef, tot stand bring en in stand hou (Walhout 2000:19). Met die Naam waarmee God voorgestel word, word aangedui wie Hy in Homself is en hoe Hy met betrekking tot die wêreld staan. Dit geld ook die benoemings waarmee Jesus beskryf word. Dit verklaar ook waarom die Heilige Gees met “die sewe Geeste” benoem word, want dit raak sy verhouding met die sewe gemeentes. Van God word eerste “Wie is” genoem, want Hy ken geen ontstaan of begin nie en by Hom is daar geen ontwikkeling of verandering nie. Hy is altyd dieselfde (Aune 1997:30). Die preposisie *apo* word herhaal by “die sewe Geeste” om die selfstandigheid van die Heilige Gees aan te dui, dit wil sê dat Hy saam met die Vader en die Seun hierdie genade en vrede skenk en werk.

Jesus Christus is in sy wese die betroubare Getuie. Hy is die Eersgeborene uit die dood en daarmee word gesê dat Hy die voorganger en maghebber is (Witherington., 2003:75). Hier val die nadruk op die feit dat Hy heerskappy voer oor die dood en doods-

magte deur sy opstanding uit die dood. Ook die konings van die aarde staan onder sy mag en moet Hom dien.

Die feit dat die seëngroet meestal die eerste liturgiese handeling is wat God na die vergader en saamkom van sy gemeente verrig, dui aan dat al die ander liturgiese handelinge gevul is met die inhoud van die seëngroet, meestal genade, barmhartigheid en vrede. Die instorting van hierdie gawes in die lofprysende, luisterende, biddende, feesvierende gemeente maak van hulle saamkom 'n unieke en buitengewone samekoms en daarom behoort daar ná so 'n samekoms 'n effek op elkeen wat daaraan deelgeneem het, te wees.

2.4 Die wegstuurseën en die liturgiese plek daarvan

By die wegstuurseën kom Numeri 6:22-27 en 2 Korintiërs 13:13 aan die orde, want dit is die twee gedeeltes wat die meeste as wegstuurseën gebruik word.

In Numeri 6 bevat die seën net drie reëls wat in die Hebreeus uit drie, vyf en sewe woorde onderskeidelik bestaan (Davies 1995:67). Soos wat die reëls van die seën langer word, so word hulle inhoud al ryker en dit loop uit op 'n *crescendo* wat saamtrek in die woord “vrede”. Die wonderlike struktuur van die seën van Numeri 6 dien daartoe dat die seën so kragtig moontlik in die gehoor van die geseëndes indring en so diep moontlik in hulle harte kan indaal sodat die seën daar kan ontplooi en in hulle praktiese lewe effek kan hê. “In the liturgical tradition of Israel the blessing (or benediction) concludes the service of worship and serves as a promise of God’s blessing on the worshippers as they go into the world” (Ashley 1993:127).

2 Korintiërs bevat die mees uitvoerige seëngroet van al die Nuwe-Testamentiese briewe en daarom word hierdie wegstuurseën ook algemeen in die liturgie van die Christelike kerke gebruik. Die orde wat hier aangedui word waarin die “genade van die Here Jesus Christus” eerste staan, bepaal die verdere logiese gang van die seën. Want deur Jesus, die Een wat mens geword het, gekruisig is en deur sy opstanding die oorwinnaar is, kan die genadestroom vir elkeen wat in Jesus glo, oopgaan. Deur Hom ken gelowiges “die liefde van God”, die Vader (Joh. 1:14-18; Rom. 5:8-11; Heb. 9:14) en verbly hulle hulle in die gemeenskap van die Heilige Gees.

The last phrase may mean either that fellowship which he promotes between believers (Eph. 4:3) or the Chris-

tian's fellowship with him as a Person (John 14:17). A third view is preferable, namely, that the Holy Spirit's work is to create a true "fellowship of believers" to share in that work, which in turn is a sign of the new age (2 Cor. 1:22; 5:5).

Martin 1986:506.

Die gelowiges staan nie los van mekaar nie, maar word deur die inwonende Heilige Gees aan God en aan mekaar verbonde gehou.

God seën sy volk nie eerstens om iets te doen tot sy eer nie, maar om self sy heerlijkheid uit te straal. Dit gaan nie bloot oor die rol van gelowiges as draers van die evangelie, of watter ander roeping hulle vervul nie, maar veral dat die roeping, ook om te evangeliseer, voortvloei uit hulle primêre identiteit, naamlik as geseëndes. "He redeemed us to worship Him, and as redeemed people, we are called to be a blessing to the nations. Mission flows from worship, not vice-versa. Worship is the fuel and the goal of missions" (Hall 2001:1).

2.5 Basisteoretiese afleidings

- a) Omdat die seën van God as die Bron kom, kan dit nie anders as om 'n kragtige uitwerking op diegene wat geseën word, te hê nie.
- b) God gee die vermoë tot die toesegging van die seën aan sy gevolmagtigde dienaars en hulle spreek dit in die woorde wat God self voorskryf, gesaghebbend uit.
- c) Die uitspreek van die seën het dieselfde gesag as die Skriflesing in die liturgie.
- d) Die seën wat Jesus by sy hemelvaart uitspreek word regstreeks aan die opdrag om te evangeliseer verbind.
- e) Die seëngroet het die funksie in die erediens om elke handeling van die versamelde gemeente seëndend te beïnvloed.
- f) By die wegstuur van die volk van God in die Ou en Nuwe Testament word hulle geseën om vir ander tot 'n seën te wees.

3 EMPIRIESE GEGEWENS

'n Oorsigtelike kwalitatief/kwantitatiewe empiriese werkswyse is gevolg. Respondente van wie moontlik die meeste oor die spesifieke onderwerp geleer kon word, is geselekteer (Merriam 1998:48). Dit is

vyf-en-twintig ouderlinge in dieselfde stad met opinies, ervarings en idees wat in die besonder verband hou met die mikpunte van die artikel¹. Tydens onderhoudvoering is oop-vrae en 'n semi-gestruktureerde vraelys gebruik. Dit dra by tot meer buigbare gesprekvoering (Leedy & Ormrod 2001:159). Vooraf opgestelde vrae wat gebruik is tydens onderhoudvoering, het veral gefokus op eksplorering van respondente se beleving van die verband tussen die wegstuurseën en evangelisasie. By die analisering van die data is die groot hoeveelheid inligting deur induktiewe beredenering, uitsortering en kategorisering geleidelik tot kleiner stelle abstrakte en onderliggende temas verwerk (Leedy & Ormrod 2001:161). Eksterne beïnvloeding van data as gevolg van persoonlike aannames is sover moontlik vermy deur kritiese selfrefleksie oor persoonlike aannames, perspektiewe en teoretiese oriëntasie (Leedy & Ormrod 2001:106; Merriam 1998:204, 211).

Op die vraag: “Wat is die betekenis en doel van die wegstuurseën?” is die volgende antwoorde verkry: Ongeveer die helfte (12 persone) het die betekenis van die wegstuurseën aangedui as 'n seën wat regstreeks van God op sy gemeente gelê word. Die diepste betekenis daarvan is dat die wegstuurseën die gemeente bekragtig, versterk, bemoedig, verseker, onder andere van God se teenwoordigheid, beskerming, sy versorgende liefde en vertroosting. Die ander helfte van die groep (13 persone) het die wegstuurseën beskryf as 'n wens, 'n groet, 'n herinnering, 'n seën wat afgebid word. Daar was enkele persone (4 ouderlinge) wat die wegstuurseën as die “slotseën” en die afsluiting van die diens beskryf het. Een persoon het die vraag so beantwoord: “Die seën het dieselfde doel as enige seën wat ons vir mekaar toewens”. Uit die ontleding van die antwoorde blyk dat daar twee teenoorstaande opinies oor die betekenis en doel van die wegstuurseën is: die een groep sien die seën as afkondiging van God waarmee Hy lidmate innerlik bekragtig deur die toesê van sy teenwoordigheid en beskerming. Die ander groep beskou die seën as 'n blote wens of iets wat afgebid moet word, en dus nie 'n toesegging wat bekragtig nie. Uit laasgenoemde groep se reaksie ontbreek 'n duidelike omskrywing van die doel van die wegstuurseën.

Die volgende hoofpunt in die empiriese ondersoek het hieruit voortgevloei en is ingelui met die eenvoudige vraag: “Wat is die ver-

¹ Die volledige resultate van die onderhoude is by die outeur beskikbaar.

band tussen die wegstuurseën en evangelisasie?” Een persoon het die verband gekoppel aan Jesus se seën by sy hemelvaart en sy opdragte rondom sy hemelvaart om getuies te wees en dissipels te maak. 'n Kwart van die respondente (7 persone) kon nie die verband aandui nie. Enkele persone (6) het die verband probeer aflei uit die inhoud van die wegstuurseën en andere het in die wegstuurseën 'n opdrag ervaar (5 persone) wat lei tot evangelisasie. 'n Verdere ses persone het die verband aangedui as die ontvang van die Here se seën in die wegstuurseën om in die lewe van elke dag vir ander 'n seën te wees, en daarom die evangelie aan afgedwaaldes en nie-gelowiges te verkondig. Uit hierdie antwoorde blyk dat daar wel 'n derde van die groep is wat die verband tussen die wegstuurseën en evangelisasie kan aandui, maar dat die meerderheid óf nie die verband kan aantoon nie, óf 'n vreemde verband tussen genoemde twee handelingte aandui.

Uit hierdie kort oorsig oor die resultate van onderhoude met die vyf-en-twintig ouderlinge, wat moontlik 'n verantwoordbare snit uit die kerklike lewe kan aandui, blyk dit dat verdere navorsing nie bloot van akademiese waarde kan wees nie, maar ook die kerklike praktyk kan dien. Dit kan bydrae tot groter kerklike betrokkenheid by evangelisasie.

4 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEF: DIE VERHOUDING TUSSEN “EREDIENS VAN DIE SAMEKOMS” EN “EREDIENS VAN DIE LEWE”

4.1 Die perspektief van die koninkryk en die effek daarvan op die erediens

Elke erediens weerspieël iets van die komende koninkryk van God en het daarom ook 'n gerigtheid op die wêreld. Die versamelde gemeente lê voor die wêreld getuienis af van die nuwe lewe wat God geskenk het en nooi ook die ongelowiges uit om in Jesus Christus te glo en deel te hê aan die aanbidding. “Authentic and faithful liturgy trains us for the reign of God yet to come in a society dying for lack of justice and peace” (Saliers 1994:185).

Die gemeente staan plaasvervangend vir en verteenwoordigend van die wêreld voor God en omdat hulle betrokke in die wêreld is, kan hulle die wêreld na sy ware aard ken en dit voor God bring. Die omgekeerde aksie is dat die gemeente ook die genade van die Here na die wêreld kan bring. Die Skepper daarvan het hierdie wêreld so

liefgehad dat Hy selfs besluit het dat die offer van helse lyding en die ewige doodstraf van sy Seun, goed genoeg is vir die redding van sy skepsele. Lidmate moet terug in hierdie wêreld, as deel van God se koninkryk, al is dit 'n wêreld vol teenstrydighede, spanning, wreedhede en deurtrek met die boosheid van die mens. "The lay people may justifiably expect their Church's worship, at least in homily and intercessions, to take due note of these troublesome factors" (Tripp 1992:571). In die liggaam van die Lam, wat die sonde van die wêreld gedra het, word 'n ander paradigma van die lewe in die wêreld herken: een waarin die gelowiges die naaste se laste as hulle eie dra en hulle foute en tekortkominge vergewe. Die kerk is die weermag van die Koninkryk van God en sal moet weet dat gelowiges nie kan skuil binne die veilige en geestelike mure van medegelowiges in die erediens nie, maar sal moet uitgaan om die heerskappy van Christus as Koning met woord en daad te proklameer (Tripp 1992:572). Die wêreld het 'n seënende kerk nodig, want God se kinders moet sy teenwoordigheid in die wêreld vier, sodat die wêreld kan sien dat God in hulle leef (Vos & Pieterse 1997:257).

Ook die invloed van 'n kragtige lewens-liturgie op die ekologie kom hiermee in die gesigsveld. "There is a danger that the liturgical response to human suffering and human injustice may mean that our liturgies will not be useful to us as we fight, work, pray for the care of the earth" (Lathrop 1993:214).

4.2 Wisselwerking tussen die liturgie van die samekoms en die liturgie van die lewe

Calvyn sien die liturgie nie as 'n geïsoleerde gebied nie, maar as oop na die totale lewe van God se kinders in die wêreld. So hoort, volgens Calvyn se visie, liturgiek en etiek bymekaar, asook die dien van die Here op Sondag in die samekoms en die diens in die week in die huise en by die werk (Brienen 1987:175). Vanuit die daaglikse struikeling en tekorte soek die gelowiges vergewing en vertroosting in die erediens en die erediens dryf hulle tot heiliging van hulle lewe en hulle werk. Die doel van die liturgie is verering van God, ook deur die beoefening van daaglikse liturgie in die wêreld (Fenwick & Spinks 1995: 11). Die krag en energie wat in die ontmoeting met God in die liturgie van die samekoms verkry is, vloei oor na die gewone lewe (Bridges 1998: 240).

In die werkplek vind talle liturgiese handeling plaas. Baie gelowiges begin die dag met luister na God in sy Woord in die kan-

toor of fabriek of met stilgebed. Soms is dit deel van die kultuur van die maatskappy of inrigting om saam 'n werkliturgie te beoefen. Die liturgie van die lewe spreek ook uit die oë, positiewe gesindheid, nederigheid, gehoorsaamheid, eerlikheid, naastediens, ens. van gelowiges wat betrokke is. Wat in die werkplek en in die samelewing gebeur is dat die gelowige wat God se teenwoordigheid al sterker besef en dieper beleef die wêreld, onder andere deur sy gebede, voor God bring, en die Here se genade na die wêreld bring. Die erediens mag nooit 'n ontvlugting uit die wêreld wees nie, mag nie eensydig vergeestelik word nie, maar moet uitstuur in die hier en nou om God te vereer (Strydom 1994:205). Die liturgie van die samekoms word so voortgesit in die gewone lewe onder mense wat dit nie meege- maak het nie, dit nie ken nie en allerlei verkeerde opvattinge daarvan het.

Van die wisselwerking tussen die liturgie van die samekoms en die liturgie van die lewe is gepraat in terme van saamkom en uitgaan, ontvang en gee, hoor en verkondig, bid en werk, inasem en uitasem, die sistoliese en diastoliese werking van die pompende hart in die liturgie. Die liturgie van die samekoms en die liturgie van die lewe staan tot mekaar in die verhouding soos die klein en die groot bloedsomloop in die liggaam. Deur die kleinbloedsomloop word die bloed gesuiwer, en nuut gemaak en deur die groot bloedsomloop gevoer na alle organe en ledemate tot by die fynste aartjies (Barnard 1997:292). Die erediensdeelnemers gaan uit om soos suurdeeg in die wêreld te wees, soos sout en lig. Dan kom hulle weer terug na die samekoms soos 'n visserman wat sy nette kom volmaak of 'n landbouer wat sy oes kom insamel. Die erediens en die lewe is twee konsentriese sirkels, waarvan die erediens die binneste is en vanwaar die buitenste sy inhoud en karakter kry (Barnard 1985:461).

Die erediens van die lewe vloei uit die wese van die samekoms voort en die kerk kan hom nooit afsluit van die lewe en die nood van die wêreld nie. Aanbidding wat nie betrekking het op die daaglikse lewe nie, is onwerklik, lewensvreemd en kragteloos, en mis sy ware doel. Die erediens wil juis toerus vir die lewe, vir die daaglikse diens aan God en sy koninkryk, vir lewensheiliging en getuieis aan die wêreld. Dit gaan om God se eer en sy eer moet gesoek word binne die milieu en kragveld van die mens se daaglikse lewe (Vorster 1996: 204).

4.3 Die kringloop van “*gathering*” en “*sending*”

Die gelowiges beweeg in hulle patroon van lewe van die een erediens na die ander. Daarom kan daar gepraat word van die bewegende kringloop van *gathering* (saamkom, vergader) na *sending* (uitstuur). Die gelowiges word in die lewe blootgestel aan uitnemende geleenthede om getuies van Christus te wees, onder andere deur hulle gesindheid van dankbaarheid, hulle woorde van bemoediging en vermaning en hulle onvoorwaardelike liefdesdade. Die gemeentede wat gedurende die week afsonderlik en alleen leef, werk en sondig, wat in hulle geloof moeg word, wat in baie opsigte struikel en versoek word, kom dan vanuit die wêreld na die samekoms van God met sy volk, sy volk met Hom en met mekaar. Hulle word ook daaglik blootgestel aan pynlike en vyandige omstandighede van beledigings, mishandeling, vernedering, rouSMART, ensovoorts. So kom die gemeente met hulle nood en swaarkry, vreugde en dankbaarheid in die teenwoordigheid van God. Daarom is die vergader saam met gelowiges 'n samekoms waar energievlakke opgebou word, waar geestelike brandstof ingeneem word om weer te kan teruggaan (uitgestuur word) in die onbekende en dubbelslagtige wêreld van die stryd om die erkenning van die Koningskap van Christus.

As die *gathering* 'n duidelike intrede (*introitus*) is in die ruimte en tyd van die liturgie van die gemeente, moet die gelowiges voorberei word om terug te gaan oor die grens van hierdie ruimte en tyd in die wêreld (ruimte) en week (tyd) wat vir hulle wag. Dit is daarom tragies dat in heelwat gevalle die liturg eintlik met die handeling van die seën aan die erediensdeelnemers te kenne gee dat “alles nou verby” is. “Die einde van die erediens het aangebreek”, dit terwyl die wegstuurseën eintlik die begin van die lewenserediens moet aankondig. Hughes haal die woorde van 'n lidmaat, 'n pastorale psigoloog Paul Pruyser, in hierdie verband aan:

Over the years, in attending worship services, I had gradually become accustomed to ministers terminating their services with a rushed and hardly audible benediction. When the benediction was pronounced from the pulpit, audibly and visibly, the spectacle for the beholders was often little more than the slovenly gesture, consisting of only one arm raised half-heartedly on only half-way up, against the force of gravity to

which that poor limb would quickly succumb again
(Hughes 2003:159).

In die wegsending is daar twee bewegings: die gelowiges word *uit die samekoms (diens)* en *in die wêreld in* gestuur. Die Duitse term *Entlassung* benadruk die element van die uitsending. Die gelowige sou dalk langer in die warmte van die samekoms wou bly, meer hoor en sing, maar nou moet hulle uit die veilige ruimte van die geloofsgemeenskap uit (Van Leeuwen 1998:257). Dit wat hulle gehoor, beleef en gedeel het moet hulle vashou en in die wêreld indra. Daartoe word hulle geseën:

‘Mission’ (i.e. people’s glad acceptance of their responsibilities as disciples) is not out of sight in the section (the very name ‘Sending’ in its allusion to ‘apostolicity’, ensures this). But without empowerment – and the grace of God – given in ‘blessing’, this can only be a variously resigned or strident commitment to philanthropic humanism. Blessing is thus the sine qua non of mission (Hughes 2003:168).

Die eintlike sin en betekenis van die erediens kom tot openbaring wanneer die erediens van die Sondag waar word in die erediens van die lewe van elke dag. Wanneer die erediens losgemaak word van die lewe verloor dit sy karakter as ware erediens. Dan word dit 'n mistieke kultus in die sin van die heidene (Barnard 1985:459). Aan die ander kant is daar ook diegene wat voorgee dat godsdiens sonder die erediens beoefen kan word. Die erediens word dan as tydverkwisting en 'n handeling van skynheiliges beskou. Maar hierdie soort godsdiens is individualisties en weier om God saam met ander te ontmoet en met Hom en mekaar gemeenskap te hê. Dié soort godsdiens is daarom afgesny van sy lewensbron.

5 RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN DIE SEËN IN DIE EREDIENS MET BETREKKING TOT EVANGELISASIE

Die handeling van die seën in die erediens, beide die seëngroet en die wegstuurseën, bied belangrike riglyne aan erediensdeelnemers

om hulle roeping om te evangeliseer na te kom. Hieronder word kortliks enkele moontlikhede aangedui.

5.1 Die seën en evangelisasie

5.1.1 *Votum en seëngroet*

Liturge kan by die handeling van die votum die erediensdeelnemers daarop wys dat die afhanklikheid en vrymoedigheid wat in die votum deur die gemeente uitgespreek word juis die gesindheid is waarmee die evangelie in die wêreld ingedra kan word. Die seëngroet het die funksie in die erediens om elke handeling van die versamelde gemeente seënend te beïnvloed. Die gemeente moet daarom bewus gemaak word dat God se genade, barmhartigheid en vrede die dryfkragte vir aktiewe deelname aan die ontvang en toepassing van die Woord is, die saambid in die erediensgebede, die saamsing van lof- en verootmoedigingsliedere, die gemeenskap met God en mekaar in die sakramente, die opoffer van die lewe van die erediensdeelnemer aan God en daarmee hulle liefdegawe aan almal wat nood het. Die gemeente moet met verskillende metodes en op verskillende tye van die uitwerking van die seëngroet bewus gemaak word.

5.1.2 *Wegstuurseën en “amen”*

Uit die empiriese ondersoek het dit duidelik geblyk dat selfs diegene wat ingelig behoort te wees, naamlik die ouderlinge, nie altyd die betekenis, doel en uitwerking van die wegstuurseën ken en daarom aan lidmate kan oordra nie. Die wegstuurseën is om aan 'n groep gelowiges wat uiteen gaan dit wat in die diens gebeur het in hulle daaglikse lewe mee te gee. Daarom behoort liturge moeite te doen om by die wegstuur van die gemeente, onder die seënende hand van God, raak formulerings te gebruik om lidmate van die verband tussen die wegstuurseën en evangelisasie bewus te maak en hulle tot evangelisasie aan te spoor. Hieronder word twee voorbeelde van sulke moontlikhede gegee. Om te evangeliseer is soms 'n eensame werk met vreugde en pyn gemeng. Die gebaar wat daarmee gepaard gaan, het 'n vertroostende en aanmoedigende betekenis en dit moet by geleentheid aan die lidmate verduidelik word. In navolging van Aäron en Jesus wat die hande oor die volk opgehef en hulle geseën het, word die feit onderstreep dat die seën iets konkreet is, iets waarin die hele mens betrokke is met gees en met liggaam. Wie seën,

lê 'n ander die hande op en die agtergrond hiervan is dat die seën 'n vitale krag is wat deur kontak oorgedra word (Markus 10:16; Van Leeuen 1998:259).

Lidmate moet ingelig word dat die “amen” hulle antwoord op die wegstuur onder die seënende hand van die Here is. Met die “amen” eien hulle die seën toe en verbind hulle hulle tot die uitdra van die evangelie wat seën in die harte van die persone wat ge-evangeliseer word kan bring. Die gemeente moet die wegstuur beaam en die seën aktief neem, en dit gebeur deur die “amen” uit te spreek of te sing (Vos & Pieterse 1997:256). Amen beteken sekerheid, vasheid, regs-krag, effektiewe geldingskrag (vgl Deut. 27:11-26 waar “amen” 12 keer gebruik word, asook Neh. 5:13). Amen word ook as 'n antwoord op 'n toesegging gebruik. Met die “amen” eien hulle die seën toe en verbind hulle hulle tot die uitdra van die evangelie wat dan seën in die harte van dié wat ge-evangeliseer word, kan bring.

5.2 Verootmoediging en versoening en evangelisasie

By hierdie handeling moet die persoon wat hier as liturg optree met sy/haar gesindheid, stem en optrede, aan die deelnemers aan verootmoediging 'n voorbeeld stel van 'n ootmoedige benadering teenoor buite-kerklikes. Die opregte verootmoediging kan lei tot 'n dringendheid in die versoende gelowiges om ander te oortuig dat versoening moontlik is. Die twee-eenheid van verootmoediging en versoening wat erediensdeelnemers ervaar en die gesaghebbende vrypraak wat daarna afgekondig word, is die belangrikste elemente van die evangelie wat aan ander in die week gebring moet word.

5.3 Die Woorddiens en evangelisasie

Evangelisasie is in wese Woorddiens en daarom moet hierdie handeling in die samekoms van die gemeente nie binne die mure van 'n gebou bly nie. Die voorleser moet aandui dat die Woord van die samekoms in die samelewing moet weerklink en dat die hoorders eers werklik die Woord kan toe-eien wanneer hulle dit aan ander oorvertel het. Die liturg wat die prediking-handeling verrig, het onbeperkte geleentheid om aan die aktiewe luisteraars riglyne te gee vir die toepassing van die Woord in evangeliseringsituasies. Na die Woorddiens behoort enkele gemeentelede die geleentheid te kry om te getuig hoe hulle van voorneme is om die aanhoor van die Bybel en die prediking daarvan in evangelisasie te gebruik.

5.4 Gebede en evangelisasie

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die volgelinge van Christus die nood van die wêreld voor God kan bring in die erediensgebed. “Scripture and preaching lead to intercessory prayer, concretely naming before God the needs of those who suffer and thus concretely criticizing any status quo” (Lathrop 1993:213). Die gebed om die verligting van die Heilige Gees dien as riglyn vir elke gebed, soms 'n kort skietgebed, voordat die ewangeliserende gesprek begin en ook tydens so 'n gesprek. Die meer omvattende gebed behoort lofprysing oor die krag en die deurbrake van die ewangelie te bevat, asook skuldbelydenis vir gebrek aan aktiwiteit ten opsigte van evangelisasie en voorbidding vir elke lidmaat se vrymoedigheid, gawes en benutting van geleenthede.

5.5 Die lied en evangelisasie

Omdat daar so 'n wye verskeidenheid van liedere is wat biddende die nood van verlorenheid en die dwaasheid van ongeloof vertolk, behoort die liturg van tyd tot tyd die deelnemers daarop te wys. Daar is liedere wat Skrifwoorde omdig en wat uiters gepas is in ewangeliserende gesprekke. Die belangrikste van die lied is dat dit op 'n bo-menslike wyse lidmate se oë kan open om in gehoorsaamheid getuies te wees en dissipels te maak.

5.6 Die sakramente en evangelisasie

Die doop as versekering van God se trou en as inlywingshandeling kan aangedui word as motivering vir ewangelisering. Die gedoopte wat die roeping tot evangelisasie het, kan inspirasie vind uit die versekering dat God Homself verbind het om by die gedoopte te bly en om deur sy Gees die regte woorde op die regte tyd aan die huiwende getuie te gee. By die persoon wat met die ewangelie bedien word, kan indien voorheen gedoop, 'n aanknopingspunt in God se doopsbeloftes gevind word. Indien nog nie gedoop nie, kan die persoon deurdat die simboliek van die doop gebruik word, gewys word wat die konkrete effek van geloof in Jesus Christus het.

In die hartverheffing en die gemeenskap met Christus in die nagmaal word sonde afgegee en genade toege-eien. Dit behoort tot 'n soortgelyke daaglikse proses by die ewangeliedraer te lei, veral in moeilike situasies waar die ewangelie nie meteens aanvaar word nie.

Die ontvangs van die brood en wyn en die danksegging (eucharistie) wat daaraan gekoppel is, behoort te lei tot die verskaffing van voedsel in die proses van evangelisering van die armes. Die getuienis behoort ook van die nagmaal-handeling teen onregverdige verkryging en verspreiding van rykdom uit te gaan. Evangelisering het ook 'n apologetiese en protesterende kant teen die onreg in die wêreld.

5.7 Liefdegawe en evangelisasie

Die evangelie van die liefde van God in Christus word nie net met woorde gedra nie, maar ook met liefdedade. Dikwels is dit die liefde wat die buite-kerklike ervaar wat hartsverandering bewerk. Die handeling van die afdra van liefdegawes (nie die insameling van kollekte nie) het die dieperliggende boodskap dat die lewe van die gelowige 'n offer moet wees, vir God, vir die voortgang van sy eer deurdat al meer mense Hom verheerlik, maar ook vir alle mense. Aan die liefdegawe kan die riglyn vir lidmate gekoppel word dat hulle ook tyd en energie moet gee en ander opofferings behoort te maak vir die uitdra van die evangelie.

5.8 'n Gemeente wat met 'n oop gemoed soekendes verwelkom

Paulus hou daarmee rekening dat 'n ongelowige ook in die samekoms aanwesig kan wees en dui aan dat verstaanbaarheid en getuienis van die gelowiges van kardinale belang is (1 Kor. 11:23-25). Gelowiges moet daarom aangemoedig word om soekendes welkom te laat voel in die samekomste. Daarom moet kleredrag (en ander nie-gewetebindende aspekte) nie 'n belemmering wees vir hulle deelname aan die erediens nie (Jak. 2:2 e.v.). In die erediens moet die werk van evangelisasie 'n volwaardige plek kry. Vanuit die erediens moet die boodskap en gebeure van die ontmoeting deurwerk na evangelisasie. Die doel is om dié wat ge-evangeliseer word in te trek sodat hulle ook erediensdeelnemers kan word tot die eer van God en die groei van die gemeente.

6 TWEE VOORBEELDE VAN DIE WEGSTURSEËN TOEGESPITS OP EVANGELISASIE

Die twee voorbeelde vir die toepassing van die wegsturseë kom van Karin Semler (2002:9, 10). Die liturg word met 'n P (*pastor*) en die gemeente met 'n C (*congregation*) aangedui:

The sending #1

C: Jesus says, “Go and make disciples of all nations, baptizing them in the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit” (Matt. 28:19).

P: In the name of our great triune God, we leave this place as God’s baptized saints, sent to bring the promise of water and the Word to all who would believe. We go with a heart for different cultures, nations and peoples, knowing that the love of God the Father, Son and Holy Spirit, reaches for them all. We are privileged to be sent as His witnesses – blessed to be a blessing.

Benediction #1

P: Go out into the world and bring his peace and joy. Have courage, witness the Gospel to everyone; take every opportunity to bring God in Christ Jesus to others. Support the weak; help the suffering; honor all people. Love and serve the Lord, rejoicing in the power of the Holy Spirit. And the blessing of God Almighty, the Father, the Son and the Holy Spirit, be upon you and remain with you forever.

C: Amen, amen, amen! (sung).

The sending #2

P: Having heard the Word of God, what is your response?

C: Because our Lord said to me, “You shall be my witness,” I say to Him. “Yes, Lord, I will be your witness.” As the apostles said, when they were forbidden to be witnesses, “We cannot but speak about the Lord whose love and power we have experienced in our lives.” With the Lord’s help I promise to share the Gospel this week,

wherever I go – in my home, in my work, in my recreation time.
May God help me to do it. Amen.

Benediction #2

P: The blessing of God – Father, Son and Holy Spirit – be with
you all, as you witness to His saving grace.

C: We go forth in the peace of Christ to carry his mission. Amen.

BRONNELYS

- Ashley, TR. 1993. *The book of Numbers. The new International commentary on the Old Testament*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Aune, DE. 1997. *Revelation 1-5. Word Biblical commentary*. Volume 52. Dallas: Word Books, Publisher.
- Barnard, AC. 1985. *Die Erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Barnard, AC. 1997. *Sondag en Sondagviering*. Deel II. Voortrekkerhoogte: Makro Boeke.
- Bosch, DJ. 1991. *Transforming mission: paradigm shift in theology of mission*. New York: Orbis Books.
- Bridges, J. 1998. *The joy of fearing God*. Colorado Springs: Waterbrook Press.
- Brienen, T. 1987. *De liturgie bij Johannes Calvijn. Zijn publicaties en zijn visies*. Kampen: De Groot Goudriaan.
- Calvin, J. 1965. *Harmony of the evangelists, Matthew, Mark and Luke*. Volume 3. Grand Rapids: Eerdmans.
- Davies, EW. 1995. *Numbers. New Century Bible commentary*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Fenwick, J & Spinks, B. 1995. *Worship in transition: the liturgical movement in the twentieth century*. New York: Continuum.
- Hall, D. 2001. The centrality of worship. Foundational points for a theology for worship and missions. Mission Frontiers. *The bulletin of the US centre for world mission*. [Online] Available: <http://www.missionfrontiers.org/2001/02/central.htm>. Accessed on 7 November 2006.
- Hawthorne, GF. 1983. *Philippians. Word Biblical commentary*. Volume 43. Dallas: Word Books, Publisher.
- Hughes, G. 2003. *Worship as meaning: a liturgical theology for the late modernity*. Cambridge: University Press.
- Janse van Rensburg, JJ. 1999. *Efesiërs. Die Bybellennium. Een-volume kommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing*. Vereeniging: CUM.
- Kapic, KM. 2005. Receiving Christ's priestly benediction: a Biblical historical, and theological exploration of Luke 24:50-53. *Westminster Theological Journal*, 67(2), Fall:247-260.
- Lathrop, GW. 1993. *Holy things: a liturgical theology*. Minneapolis: Fortress Press.

- Leedy, PD & Ormrod, JE. 2001. *Practical research: planning and design*. New Jersey: Prentice Hall.
- Martin, RP. 1986. *2 Corinthians. Word Biblical commentary*. Volume 40. Dallas: Word Books, Publisher.
- Merriam, SB. 1998. *Qualitative research and case study applications in education*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.
- Nel, M. 1996. Diens-evangelisasie: 'n styl waar teologie en metodologie ontmoet. *Praktiese Teologie in Suid Afrika* 11(1):38-47.
- Nolland, J. 1993. *Luke 18:35-24:53. Word Biblical commentary*. Volume 35C. Dallas: Word Books, Publisher.
- Rooker, MF. 2000. *Leviticus. The new American commentary*. Volume 3A. Nashville: Broadman & Holman.
- Saliers, DE. 1994. *Worship as theology: foretaste of glory divine*. Nashville: Abingdon Press.
- Semler, K. 2002. *Blessed to be a blessing: Worship helps, 2001*. (Letter from the Director of the Mission Information Services of LCMS World Mission; p.1-10).
- Strydom, WML. 1994. *Sing nuwe sange nuutgebore. Liturgie en lied*. Bloemfontein: UOVS.
- Tripp, DH. 1992. Liturgy and pastoral service. In Jones, C, Wainwright, G, Yarnold, E & Bradshaw, P. *The study of liturgy*. Revised edition. London: SPCK.
- Van Leeuen, Th.M. 1998. Wegzending en zegen. In Oskamp, P & Schuman, N. *De weg van de Liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Meinema:257-265.
- Vorster, JM. 1996. Vernuwning in die Gereformeerde erediens. *In die Skriflig* 30(2):203-221.
- Vos, CJA. & Pieterse, HJC. 1997. Hoe lieflik in u woning. *Studies in Praktiese Teologie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Walhout, E. 2000. *Revelation down to earth: making sense of the Apocalypse of John*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Witherington III, B. 2003. *Revelation*. Cambridge: University Press.
- Zerfass, R. 1974. Praktische Teologie als Handlungswissenschaft, In *Praktische Teologie heute*, F Klostermann & R Zerfass (Hrsg). München: Kaiser:164-177.